In Die Burger Oos-Kaap, 4 Januarie 2019

DIE OOSTERLIG

LAASTE UITGAWE

GESPANNE WÊRELD WAG OP LAASTE STROOI

Twyfelagtige vrede in Midde-Ooste

50 Jaar gelede | 6 Januarie 1969

Voorbladfoto-byskrif: So het Port Elizabeth se strande die naweek gelyk. Besonder warm weer is ondervind en mense het in hul duisendtalle na strande gestroom. Parkeerplek was maar min en motors het byna voortdurend teen 'n slakkepas in die rigting van Humewood en Summerstrand beweeg. Hoewel die Kerstyd en Nuwejaarsdag reeds verby is, het die aantal besoekers aan Port Elizabeth nog glad nie merkbaar afgeneem nie. Die foto is die naweek by King's Beach geneem. Ook Humewood en Summerstrand was stampvol.

Bye saal amok: Duikrekords vir ongeorganiseerde pogings om eerste in die water te kom het gister letterlik gespat toe 'n groep mense herhaaldelik die branders as skuilplek moes opsoek toe 'n swerm bye die dag vir hulle moeilik gemaak het.
Volgens een van die mense, mnr. Leon Ferreira van Militêre weg in Port Elizabeth, het die hele gelol begin toe 'n groot swerm bye op die veelkleurige strandsambrele by Bluewaterbaai toegesak het!

King Neptune gewild: Die private strandoord King Neptune, net buite Port Elizabeth, wat die somerseisoen tot nie-blanke strandoord verklaar is, word besonder goed deur die Kleurlinge ondersteun. Nagenoeg 2,000 Kleurlinge het Nuwejaarsdag by die strandoord deurgebring. Kleurlinge wat net die dag daar wou deurbring is teen 'n fooi van R1 toegelaat. Die strandoord is sedert die begin van die somerseisoen tot vandag vol bespreek en die meeste vakansiegangers bly drie weke in die strandoord.

Soek ver vir so rustige plek: OESTERBAAI. – Teen die hange van die grasbegroeide sandduine, ongeveer 60 myl van Port Elizabeth op pad na Kaapstad, staan 'n hele paar vakansiehuise. Die atmosfeer hier is anders as by baie ander vakansieoorde – so rustig en stil. Oesterbaai lê by 'n effense inham, ver weg van die stadsverkeer, en is die ideale plek vir stadsmense om te ontspan. Hier staan ongeveer 42 vakansiehuise van predikante, prokureurs, welgestelde boere (veral boere uit die Laeveld), dokters, tandartse en doktore.